# VAN ONS SUSTERS

Goeiedag Susters

- Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan sê dat ons eerste pannekoekbak op 10 en 11 April suksesvol afgehandel is en ons 'n wins van net oor die R10 000 gemaak het. Ons het ongeveer 110 liter deeg kafgedraf en gelukkig al die pannekoek verkoop. Baie dankie aan elke suster wat donasies, bestanddele en hulp gegee het. Sonder julle is hierdie nie moontlik nie. Anita Stavast, baie dankie vir jou voortreflike reëlings.
- Ons verskaf DV aandete by die Klassis op 21 April. Ons gaan die kos sommer die middag by die kerk voorberei. Dit sal baie lekker wees as jy ons kan kom help. Jy kan so van 14:00 af by die kerksaal aanmeld.
- Het jy al jou item vir die konsert van 9 Mei by my opgegee? Daar is al oulike items! Dit is beslis 'n geleentheid om nie mis te loop nie en jou item gaan tot die vreugde van die dag bydra! Die kaartjies is R50 vir volwassenes en R20 vir kinders. Die kaartjies sal van volgende week af by die kerkkantoor beskikbaar wees. Jy kan ook jou naam by enige bestuurslid of wyksuster opgee vir 'n kaartjie. Onthou: Groep 3 is verantwoordelik vir die verversings. Dit is wyke 2, 3, 4 en 6.
- Nagmaalete op 17 Mei: Groep 2, wyke 1, 5, 7 en 8. Beplan solank asb.
- Ek herinner ook aan ons verkoping wat vanjaar DV op 20 Junie, in die vorm van 'n Winterfees plaasvind. Kry solank jou planne en goedjies reg, die tyd hardloop. Die verskillende tafels se sameroepers se lyste is sterk op pad!


Alle eer aan ons Hemelse Vader wat ons so mildelik seen.

Groete Alta

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 10, 11 & 12 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet





# Op die Kerkwerf


Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 42, nr 13 Sondag 19 April 2026

***Redakteur:* Rudy van der Spoel 082 864 4422**

rudynell@telkomsa.net


**Eredienste**: 09:30 en 18:00
**Kantoor 018 294 4600**
**Orrelis vandag: Berna Prinsloo**
**Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Web:** www.gkpotchefstroom.co.za **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste, kategese:**
**Ouderling:** Wyk 13 **Paul Schutte. Diaken:** Wyk13 **Vakant**
**Teebeurt:** Wyke 10, 11 & 12: **Wyksuster: Wymie du Plessis**

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

---

**OGGEND Woordbediening:** Matteus 6: 5-13.
**Fokusvers:** Matteus 6:13b.
**TEMA:** *Boustene van gebed, nr. 6 - verheerliking: God se eer is die doel van ons gebed, daarom kan Hy, wil Hy en sal Hy gee wat ons volgens sy wil vra.*
**Sing:** Psalm 26: 1, 5 (2e melodie); 145: 1, 2, 4, 12; Psalm 79: 5, 6(2e melodie) Psalm 89: 3, 5; Skrifberyming 10-2 [28b]; Skrifberyming 1-10: 1, 2, 3. **Sing met meelewing:** Psalm 20: 1, 2.

---

**AAND Woordbediening:** Romeine 1:1-17 & 10:1-15.
**Fokusverse:** Romeine 1:1; 10:14, 15
**Kerkorde:** Kerkorde, artikel 3.
**TEMA:** *Christus roep sy diensknegte om hulle met sy volmag te stuur.*
**Sing:**Skrifberyming 1-5 [85]:1, 2; Psalm 95:1, 4; Skrifberyming 4-3 [66]:1, 3; Skrifberyming 11-1 [22]: 6, 7, 8, 9; Psalm 121:2, 3 (na die wegstuurseën). .

---

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir **Kerklike Tydskrifte** Volgende week: **GKSA Sustentasiefonds.**

**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

**EREDIENS HUIS EIKELAAN**
Op Sondag 26 April gaan prof. Francois Muller tydens die erediens in die kapel by Huis Eikelaan om 15:30 voorgaan. Baie dankie aan ouderlinge **Koos Nortjé** en **Klaas Wyma** wat die toesigbeurte sal waarneem.

---

**EREDIENSTYD VANAF 3 MEI 2026**
Maak asseblief 'n aantekening dat vanaf Sondag 3 Mei die 18:00 erediens met 'n uur vervroeg. Dit begin dan vir die duur van die winter tot einde Augustus om 17:00.

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Ons is dankbaar dat beide **prof. Callie en Susan Coetzee** se prosedures wat hulle Maandag ondergaan het, goed afgeloop het. Alhoewel prof. Callie een nag in die intensiewe sorgeenheid moes deurbring na bloeding en nadat 'n gedeelte van sy long platgeval het, kon hy Dinsdag ontslaan word. Ons bid prof. Callie en Susan lewenskrag en lewenskwaliteit toe.

**Jeanette Fourie** is Woensdagoggend uit die hospitaal in Klerksdorp ontslaan en kon na Huis Anna Viljoen terugkeer. Ons is saam met haar dankbaar vir die beterskap wat ons Here haar geskenk het en bid haar ook lewenskrag en lewenskwaliteit toe.

**Loffie Eloff** het Dinsdag 'n afspraak met die kardioloog in Klerksdorp nagekom. Ons is saam met hom en Tillie baie dankbaar dat die dokter met sy gesond-heidstoetstand tevrede is. Alle eer aan die Here wat lewe gee en dit onderhou.



**Japie van Jaarsveld** het die afgelope week weer 'n doktersafspraak nagekom. Hy moet later weer 'n opvolgbesoek bring. Ons bid vir Japie om lewenskwaliteit.

**DANKBAARHEID**
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**HUWELIKSHERDENKINGS**
Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Ma | 20/04 | 09:15 | Teologiese Studente | Bovertrek |
| Di | 21/04 | 09:15 | Opening Teologiese Skool | TSP |
| | | 09:15 | Kerke-ontbyt | Willows Gard |
| | | 18:00 | Klassis Potchefstroom vergader | Kerkgebou |
| Wo | 22/04 | 18:00 | Bybelstudie (Romeine, Studie 2b) | Ou Kerkie |
| Do | 23/04 | 10:30 | Bybelstudie (2 Korintiërs 2: 14 e.v) | Ou Kerkie |
| **Vr** | **24/04** | **17:30** | **Gemeente-aand en hamburgerbraai** | **Kerkterrein** |
| Do | 26/04 | 15:30 | Erediens Huis Eikelaan prof DF Muller | Kapel |
| Di | 28/04 | | Agendastukke vir Kerkraads-vergadering ingedien vir duplisering | |
| Sa | 09/05 | | Gemeentekonsert | Kerksaal |
| So | 10/05 | | Vergadering (kerkraad, diakonie) | Ou kerkie |
| Do | 14/05 | 19:00 | **HEMELVAART Erediens** | Kerkgebou |
| So | 17/05 | | **NAGMAAL EN GEMEENTE-ETE** | |

| KATKISASIE | Sondag 19 April | Sondag 10 Mei |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 10 | Les 11 |
| **Lesrooster:** | Josua 1: 1-9 | Rigters 6 & 7 |
| **Psalmvers:** | Psalm 64: 7 (melodie Ps 45) | Psalm 64: 7 (melodie Ps 45) |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 37 | Sondag 38 |
| **Memoriseerwerk** | Eksodus 20: 11 | Eksodus 20: 12 |

**BYBELSTUDIE** U word hartlik uitgenooi om by enige van die Bybel-studiegeleenthede in te skakel:

- Woensdagaand om 18:00 in die Ou Kerkie. Studie 2b van Romeine uit die boekie van prof. Jordaan, *Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament*, word behandel.
- Donderdagoggend om 10:30 bestudeer ons 2 Korintiërs 2: 14 e.v. en die toepassing word dan in besonder gemaak op trauma.
- Die Bybelstudie by Huis Eikelaan staan oor tot verdere kennisgewing.

---

**Bedanking van Magda Pelser-van der Merwe as orrelis**

Magda Pelser-van der Merwe het op 30 Maart 2026 haar bedanking as orrelis van die gemeente by die kerkraad ingedien. Dit is op 12 April op 'n kerkraadsvergadering ter tafel geneem en aanvaar. Die kerkraad eer en dank die Here vir die gawes wat Hy aan Magda gegee het en vir die tyd wat Hy haar in staat gestel het om dit in hierdie gemeente tot diens te stel. Ons is dankbaar dat Paul Schutte bereid is om vir die duur van Meimaand die begeleiding tydens die eredienste waar te neem.

---

**DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS**

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.



## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| Ma | 22/04 | **Gert van Blerk**. Wyk 12. |
| Wo | 22/04 | **Leané Kairuz** Wyk 3 |
| | | **Christoff Storm**. Wyk 8 |
| Do | 23/04 | **Koos Nortjé**. Wyk 8 |
| | | **Wihan van der Kooy** Wyk 3 |
| Vr | 24/04 | **Johan Kruger**. Wyk 6 |
| | | **Lappies Labuschagne**. Wyk 11 |

**DIE GEREFORMEERDE KERK IKAGENG**

Die gemeente van Ikageng hou op **2 Mei 2026** 'n fondsinsamelingsaksie en hulle vra ons ondersteuning. Vir meer informasie kontak ds OL Moncho 083 314 1762 of hulle skriba ds MD Letebele 067 847 7357.

## HAMBURGERBRAAI



**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

**VRYDAGAAND**
**24 April 2026**



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:00 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter 082 923 1384 of by die kerkkantoor ☎ 018 294 4600

**R 35** per hamburger. **Worsbroodjies R 35**

**WOONPLEK BENODIG**

**Professionele persoon ( 53 )** benodig 'n woonplek te huur.
Tuinwoonstel, meenthuis of "granny flat " met 2 slaapkamers .
( 'n motorhuis sal 'n bonus wees ) Huur verkieslik onder R8 000 p m.
Kontak asb Willem Serfontein 082 458 2612
wfp.serfontein@gmail.com